



## 'n Borrel is 'n borrel...

Die deurslaggewende kenmerk van 'n finansiële borrel is die feit dat daar veronderstel word die huidige hoë pryse gaan môre nog verder styg, sonder fundamentele waarde om die styging te ondersteun.

Vrees en vertroue is die twee grootste dryfkragte van markte. As vertroue heers, geld 'n bulmark. As vrees heers, geld 'n beermark. 'n Wanbalans ontstaan as buitengewone hoë opbrengste verkondig word en risiko's net afgelag word. Dit skep valse vertroue en die begin van 'n skuimbad waar die borrels kan begin bars.

Daar is risiko verbonde aan alle beleggings, maar beleggers moet veral versigtig wees as hulle verblind word deur hoër opbrengste. Soveel te meer as die hoër risiko afgemaak word met woorde soos "tye is anders" en "jy moet spring, anders mis jy die geleentheid".

Daar is talle groot en klein borrels van die verlede waaruit ons kan leer, soos die:

- Hollandse Tulp-mania van die 1630's;
- Suidsee-borrel van 1711;
- Japanese eiendoms- en aandelemark-borrel in die vroeë 1990's;
- dot-com-borrel in 2002 en
- behuisingsborrel van die VSA in 2006.

Die landboubedryf is berug vir borrels. 'n Goeie voorbeeld is die een met spekulatiewe alpakka ('n klein soort lama), skaars tien jaar gelede in die VSA. Dit het begin met goeie bemerking van die alpakka-telersverenigings wat alpakka-boerderye begin bemark het as 'n geleentheid "wat jy kan omhels." Hulle is mooi (omhelsbare) diere en die wol sou glo skaapwol vervang. Oral het mense met alpakkas begin boer. Kort voor lank het dit geblyk dat daar nie werklik kopers van alpakkawol was nie, omdat die fyn wol moeilik is om te verwerk. Dit kon net werk as iemand laer af in die ketting alpakkawol wou koop. In 2006 het die Davis-navorsingsverslag verskyn wat bevind het die prys van alpakkas was nie sinvol, gegewe die prys van hul wol nie. Die prys van alpakkas het dramatiese geval, want daar was nie meer 'n mark vir die diere nie en mense het hulle stil-stil in hul yskaste gesit.

Wat ons hieruit leer, is dat 'n spekulatiewe borrel voorafgegaan word met die bate, pleks van die produk, wat bemark word (bv. alpakkas pleks van wol). Beleggers het onrealistiese verwagtinge gehad, soos dat skaapwol deur alpakkawol vervang sou word. Dit ten spyte daarvan dat dié soort moeilik verwerkbaar is en mense al minder wolkere dra. Mense belê dus in borrels as vorige finansiële prestasie gebruik word sonder om ag te slaan op die realistiese waarde van die onderliggende bate. Die lopies word gedra deur beleggers wat bereid is om die bate te koop. Sodra die beleggers verdwyn, stort die prys ineen.

### **Eksotiese wild - maak dit sin?**

In die geval van eksotiese wild is dit moeilik om die fundamentele waarde van die dier te bepaal. Daar is twee kampe in dié debat. Die een voer aan dat pryse kunstmatig hoog is en die ander voer aan dat vraag en aanbod die prys bepaal en dat pryse dus volhoubaar is.

Die gemiddelde prys van 'n koningswildebeeskoei is sowat R4 miljoen, terwyl 'n gewone koei sowat R10 000 kos. Vir die prys van een koningswildebeeskoei kan daar dus sowat 400 blouwildebeeskoeie gekoop word of 655 vleisbeeste of vyf 74 kW John Deere-trekkers. Maak die waarde van die koningswildebeeskoei werklik sin?

### **Bitcoin - digitale goud of bedrieglike euforie?**

Gaan krypto-geldeenheede soos bitcoin die grootste beleggingsborrel nog in ons geskiedenis wees? Sedert sy ontstaan in 2010 het bitcoin se waarde met drie miljoen persent toegeneem en die afgelope jaar alleen met 746%. Dit oortref alle grense van logika. Hoe kan ons dit regverdig? Waar is bitcoin se wol?

Bitcoin ('n digitale geldeenheid wat elektronies met kodetegnieke geskep en dan elektronies gestoor word) se bestaan is suiwer op vertroue gebaseer. Die waarde word bepaal op grond van wat ander bereid is om daarvoor te betaal. Hoe bepaal jy egter die ware prys as daar geen wesenlike bates is nie?

Bitcoin voldoen aan al die vereistes van 'n borrel. Tipies met borrels maak vroeë toetreders baie geld, terwyl laatkommers hul geld verloor.

Of praat ons hier van 'n nuwe netwerk (tipies toe die internet begin het) en 'n ander soort ekonomie wat nie deur landsgrense beperk word nie? Selfs 'n alternatiewe bateklas, aangesien verskansingsfondse reeds daarin begin belê?

Net tyd sal leer of hierdie ook maar net nog 'n borrel was, wat ver bokant sy fundamentele waarde verhandel het en waar vals vertroue weereens geseëvier het.

**Is eksotiese wildspryse 'n plaaslike borrel en krypto-geldeenheede 'n internasionale borrel wat enige oomblik kan bars? Is hierdie buitensporige waardasies blywend of is dit blote waansin van beleggers wat eersdaags al hul geld gaan verloor?**

# Sewe sondes om te vermy

In die beleggingswêreld is daar sekere emosionele en sielkundige faktore wat suksesvolle beleggings kan kelder.

Ons ken reeds die sewe doodsondes naamlik woede, luiheid, afguns, gulsigheid, hebsug, geldsug en trots. Dié sondes plaas jou op 'n gevaarlike morele en geestelike roete. Sondes in die beleggingswêreld sal ten eerste jou bates 'n knou gee maar ook tot sielswroeging lei.

Wanneer jy besluite oor beleggings neem, moet jy soos met enige ander besluite in jou lewe die sondes raaksien en dit vermy.

## Die sewe beleggingssondes

1

### Woede – verlore geld

Jy verwag dat jou beleggings goed moet presteer en raak dikwels kwaad vir jou finansiële adviseur as dit nie gebeur nie. Die beste is om te erken jy het foutter, dit dadelik reg te stel en aan te beweeg. Sny die verloorders uit en laat die weners gedy!

2

### Gulsigheid – oormatige verhandeling

Nes oormatig eet en drink, kan 'n belegger ook oormatig verhandel, wat dikwels tot laer opbrengste kan lei. Daar is twee risiko's, naamlik die besluit om te koop of te verkoop. Elke verhandeling beteken dus nuwe risiko's en kos telkens geld. Die keuse van stabiele aandele wat oor tyd gehou word, hou laer koste in met die moontlikheid van beter opbrengste.

3

### Hebsug – koop in borrels

Dit is die oordadige behoefte om altyd meer en meer te kry. Daar word in oorwaardeerde bates belê, soos in die dot-com borrel van die laat 90's. Dikwels word aangevoer dat die "produkt en tye anders is" en dat krypto-geldeenhede, byvoorbeeld, 'n nuwe tegnologie behels wat banke gaan uitskakel. Om oorwaardeerde "bates" te koop lei nie tot toekomstige winste nie. Die teenwig is om 'n sinvolle beleggingsplan te volg en weg te bly van vinnig ryk-word-skemas.

4

### Geldsug – swig voor die goud

Hier is die maatstaf winsbejag en gekonsentreerde belegging op een produk/maatskappy of aandeel. Geld sal selfs geleen word om meer in 'n spesifieke aandeel te belê, omdat sakke vol geld glo gemaak gaan word. In die VSA het baie huiseienaars tweede verbande op hul bestaande huise uitgeneem om verdere huise te koop... en toe stort die mark in duie. Die beheptheid met 'n belegging is 'n resep vir mislukking en daarom moet 'n mens voortdurend diversifiseer.

5

### Luiheid – leer nie beleggingsbeginsels nie

Die sonde van luiheid lê in die omseiling van harde werk en ywerigheid. Luiheid en die denke dat iemand anders dit vir jou sal doen, is 'n resep vir mislukking. Om jou belegging te verwaarloos, al het jy 'n finansiële adviseur, kan net langtermyn ellende inhou. Goeie keuse en die resep vir sukses is altyd 'n ingeligte een. Dit is maklik om te doen, omdat daar baie inligting beskikbaar is. Woon beleggingsseminare by, kyk na programme soos "Jy Geld" en leer die dissipline aan om elke dag die sakeblaai van koerante en sake tydskrifte te lees. Dit sal jou inskerp en kennis gee om die regte keuses te maak.

6

### Afguns – word deel van die trop

Dit is die begeerte om te kry wat ander het. Die finansiële gedragkonsep verwys na beleggers wat die "kudde" volg en belê waar ander belê, net omdat dit gewild is. Almal praat byvoorbeeld van bitcoin en daarom moet hulle ook in bitcoin belê. Hulle is jaloers op die beleggers wat vroeg ingeklim het en belê dan as die prys op sy hoogste is en net voor dit dikwels in duie stort. Hierdie soort belegger ignoreer hul individuele situasie. Vermy hierdie tropmentaliteit deur jou eie persoonlike risikoprofiel te verstaan en met 'n spesifieke tydshorison en doelwitte gedisiplineer te belê. Op die manier volg jy jou eie reëls en nie die trop nie.

7

### Ego – jou trots bepaal jou keuses

Dit is wanneer jy dink jy weet meer as ander en jy te veel selfvertroue toon. Jy wil eerder "reg" wees, pleks daarvan om objektief die beste besluite te neem. Net so sal jy weier om jou foute en verliese te erken. Luister na goeie advies en berus daarby dat selfs jou knapste fondsbestuurders nie altyd die mark kan klop nie. Die beste pad is om self 'n goeie begrip vir die beleggingswêreld op te bou en deeglike beleggingsnavorsing te doen.

**Elke belegger maak foute. Party foute of geldsondes is relatief onskadelik, terwyl ander rampspoedig kan wees. Roekelose foute kan jou lewensstandaard verlaag en jy sal dalk ook langer moet werk voor jy kan aftree.**

Vermy die geldelike sondes en moenie huiwer om Ecspontent te kontak as ons jou kan help om hulle te vermy of oorkom nie.